Die Hoër Tegnologiese Skool

# John Vorster

1 Februarie 2021

OUEROMSENDBRIEF 1 VAN 2021

Beste JV-ouers/-voogde

Welkom terug by JV's in 2021! Mag die jaar vir u voorspoed en gesondheid inhou.

Die COVID 19-pandemie gaan ons beslis nie pootjie nie - ons is reg vir groot dinge in die nuwe jaar. Ons wil poog om die skoolgaan-ervaring so normaal as moontlik vir die leerders te hou en soveel as moontlik aktiwiteite te laat voortgaan binne die wetgewing rondom die pandemie. Personeel is gerat om alle omstandighede te trotseer.

Direktiewe vanaf die Onderwysdepartement bepaal dat daar nog steeds net ongeveer 50% van die totale aantal leerders van die skool per dag by die skool mag wees. Dus sal ons nog steeds die daaglikse rotasieroosters (dag A en -B) volg, matrieks uitgesluit, aangesien matrieks elke dag skool toe kom, totdat die voorskrifte verander. Volgens instruksie mag daar ook nog geen kontaksport vir ten minste die eerste kwartaal gereël word nie, maar ons gaan aan met kondisionering in verskeie sportsoorte, onderhewig aan alle COVID 19-veiligheidsvereistes.

Sommige dokumentasie wat einde 2020 aan u gestuur is, moes ongelukkig aangepas word as gevolg van die veranderde openingsdatum. Aangepaste dokumente, wat u asseblief sorgvuldig moet bestudeer, is by hierdie e-pos vir u ingesluit/aangeheg.

1. SKOOLURE

   Weens die verminderde kontaktyd wat personeel met leerders het, het die Beheerliggaam dit goedgekeur dat die skoolure vir sommige grade effens verleng word. Dit is uiters noodsaaklik sodat die sillabusse volledig deurgewerk kan word.

   Die TIENDE PERIODES wat dus op 'n Woensdag en Donderdag vir gr 11-leerders en op Donderdae vir 12-leerders tot 15:00 duur, is verpligtend. Skoolwerk wat in 2020 weens inperking van die sillabusse nie afgehandel kon word nie, asook nuwe werk, sal in hierdie periodes hanteer word. Die roosters is by die e-pos aangeheg en sal ook op Microsoft Teams met die leerders gekommunikeer word.

| | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag<br>Dinsdag | 07:40 – 14:00<br>Groep A-of B<br>(volgens dagrooster) | | | 7:40 – 14:00<br>Groep A-of B<br>(volgens dagrooster) | 7:40 – 14:00<br>Alle leerders |
| Woensdag | | | | 7:40 – 15:00<br>Groep A- of B<br>(volgens dagrooster) | 7:40 – 14:00<br>Alle leerders |
| Donderdag | | | | 7:40 – 15:00<br>Groep A- of B<br>(volgens dagrooster) | 7:40 – 15:00<br>Alle leerders |
| Vrydag | 7:40 – 13:30<br>Groep A of – B (volgens dagrooster): Graad 8 – 11 **en** alle Graad 12-leerders | | | | |

2. DAGPROGRAM

Die nuutvoorgestelde kalender vir 2021 wat in sosiale media die rondte doen is tot op hede deur die meeste partye wat inspraak in die verband het, verwerp. Die kwartaaldatums wat dus nog staan is die wat op 2 Oktober 2020 gepubliseer is. Sodra 'n goedgekeurde, gepubliseerde kalender beskikbaar is sal ek u laat weet.
Die dagprogram vir Februarie is aangepas. Totdat ons sekerheid het ten opsigte van die aangepaste kwartaaldatums, werk ons tans wat die dagprogram aanbetref, van maand tot maand.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 15 Februarie<br>Dag 1A<br>Alle matrieks<br><br>Groep A van<br>Gr 8 - 11 | 16 Februarie<br>Dag 1B<br>Alle matrieks<br><br>Groep B van<br>Gr 8 – 11 | 17 Februarie<br>Dag 2A<br>Alle matrieks<br><br>Groep A van<br>Gr 8 - 11 | 18 Februarie<br>Dag 2B<br>Alle matrieks<br><br>Groep B van<br>Gr 8 - 11 | 19 Februarie<br>Dag 3A<br>Alle matrieks<br><br>Groep A van<br>Gr 8 - 11 |
| 22 Februarie<br>Dag 3B<br>Alle matrieks<br><br>Groep B van<br>Gr 8 - 11 | 23 Februarie<br>Dag 4A<br>Alle matrieks<br><br>Groep A van<br>Gr 8 – 11 | 24 Februarie<br>Dag 4B<br>Alle matrieks<br><br>Groep B van<br>Gr 8 - 11 | 25 Februarie<br>Dag 5A<br>Alle matrieks<br>Alle gr 9's<br>Gr 8's almal tuis<br>Groep A van<br>Gr 10 - 11 | 26 Februarie<br>Dag 5B<br>Alle matrieks<br>Alle gr 8's<br>Gr 9's almal tuis<br>Groep B van<br>Gr 10 - 11 |

3. SKANDERINGSPROSEDURE MET AANKOMS BY DIE SKOOL

Alle leerders betree die skoolterrein by die hek in 30ste Laan.

*3.1. Prosedure vir skandering (geen reën )*

- Ingang: hek in 30 ste Laan
- Hekke open om 6:50 en sluit om 7:30 vir leerders
- Leerders volg kolle tot voor lapa waar elke leerder se temperatuur geneem word
- Leerders beweeg na die A- en B- rugbyvelde tot *7:35*
- Voogperiode is vanaf *7:40 – 7:55*
- *Register van leerders gaan in voogklasse plaasvind.*
- Periode 1 begin om *8:00*

*3.2. Prosedure in geval van reën*

- Ingang: hek in 30 ste Laan
- Hekke open om 6:50 en sluit om 7:30 vir leerders
- Leerders volg die pad verby die lapa en gebruik die ingang by die sentrums ( sluitkassies ). Leerders sal in die saalportaal voor die ou snoepie skandeer word
- Leerders gaan direk na voogklasse
- Voogperiode is vanaf *7:40 – 7:55*
- Register van leerders gaan in voogklasse plaasvind
- Periode 1 begin om *8:00*

*3.3. Leerders verlaat ALMAL die skoolterrein in die middae by die hek in 30ste Laan.*

012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein Posbus 31714, Totiusdal, 0134

www.htsjohnvorster.online

4. AKTIWITEITE: 1-12 FEBRUARIE

In ‘n poging om onmiddellik op 15 Februarie met skoolwerk af te skop, sal sekere aksies reeds in die volgende twee weke plaasvind.

4.1 Verspreiding van handboeke en skrifte

- Alle leerders gaan die geleentheid kry om al hul handboeke, skrifte, kontrakte en voorblaaie voor die skool ‘n aanvang neem, by die skool te kom afhaal. Volg asseblief alle meegaande instruksies volledig. Die afhaal van boeke is verpligtend, sodat almal op 15 Februarie skoolgereed kan wees.
- Elke leerder se lys van boeke wat ontvang is, sal voor die einde van die kwartaal ook aan die ouers gestuur word.
- Grade gaan op verskillende datums geleentheid kry om hul boeke te kom haal:

DONDERDAG, 4 FEBRUARIE 2021 van 08:00 tot 10:00
GRAAD 8 in kamer 118

- Hek maak eers 07:50 oop en sluit 10:30.
- Leerders kry toegang tot die skoolterrein by die hek in 30ste Laan.
- Leerders word skandeer by die lapa .
- Leeders word in groepies deur ‘n JV-raadslid vergesel na die klas toe waar hy/sy boeke afhaal (K118).
- Leerders verdaag sodra handboeke ontvang is

VRYDAG, 5 FEBRUARIE 2021 van 08:00 tot 10:00
GRAAD 12 in kamer 111 en 112
GRAAD 11 in kamer 113 en 114

- Vir graad 9-12 word die normale prosedure van skandering by die boonste hek gevolg.

MAANDAG, 8 FEBRUARIE 2021 van 08:00 tot 10:00
GRAAD 10 in kamer NL
GRAAD 9 in kamer 119

- Vir graad 9-12 word die normale prosedure van skandering by die boonste hek gevolg.


012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein Posbus 31714, Totiusdal, 0134
www.htsjohnvorster.online

- Geen persoon sal by die hoofhek toegang tot die skoolterrein verkry nie.
- Geen persoon wie se temperatuur hoër as 37.5°C is OF wat nie 'n masker korrek dra nie, sal toegang tot die skoolterrein verkry nie
- Alle leerders ontvang ook saam met hul boeke, die kontrakte. Hierdie volledig **voltooide kontrakte moet op 15 of 16 Februarie 2021 by sy/haar voogonderwyser inhandig word.**

4.2. Gr. 8-ouerinligtingsessie

DONDERDAG, 11 FEBRUARIE 2021: **Elektronies (meer inligting volg)**

4.3. Gr. 8-Smartyparty en atletiekuitdunne

VRYDAG, 26 FEBRUARIE 2021 07:30-17:00. **(meer inligting volg)**

## 5. VOORKOMS

5.1. Dankie vir die leerders wat einde 2020 by die voorkomsreëls gehou het.

5.2.Vergewis u asb van die voorkomsreëls soos uiteengesit in die gedragskode wat op die webblad beskikbaar is.

5.3. Voorkomskontrole word reeds van die eerste dag wat u kind by die skool is, gedoen.

5.4. Leerders wat nie ag gaan slaan op die regte voorkoms nie, gaan ongelukkig uit die klasse onttrek moet word.

5.5. Maak asb 100% seker dat u seun geskeer skool toe kom.

## 6. GEDRAGSKODE

U kan die skool se **gedragskode** op ons webblad, www.htsjohnvorster.online onder die MEER-/ADMINISTRASIE-/05-SKAKEL kry.

## 7. BERGROETE

7.1 HTS John Vorster beskik oor 'n bergroete vir leerders aan die noordekant van die berg om skool toe te kan stap.

7.2 Dit neem ongeveer vyftien minute om die roete oor die berg tot by die skool te voltooi.

7.3 Indien u kind van die bergroete gebruik wil maak, kan hy/sy by mev. Linda Loubser in die algemene kantoor, 'n ondernemingsbrief gaan haal en sodra hy/sy dit geteken by haar inhandig, ontvang die leerder 'n toegangskaartjie wat hom/haar die reg van gebruik gee.

7.4 Die **sperdatum vir die aansoek** om van die bergroete gebruik te kan maak, is **Vrydag, 19 Februarie 2021**.

7.5 Enige verdere inligting rakende die bergroete is ook op die webblad (onder die MEER-/ADMINISTRASIE/ANDER DOKUMENTE/01-skakel beskikbaar.

## 8. GESONDHEIDSVRAELYS

8.1 Ons het in 2020 al die gr. 9- tot 12-leerders se vorms versprei en ingeneem. Indien daar enige inligting rakende u kind se gesondheid verander het, moet u mev. Kritzinger so gou moontlik daaroor inlig.

8.2 Die nuwe graad 8-leerders ontvang saam met hul handboeke, skrifte en kontrakte ook die **GESONDHEIDSVRAELYS** wat deur die ouers/voogde voltooi moet word. Die vorm moet **15 of 16 Februarie** by u kind se voogonderwyser ingehandig word.

## 9. COVID 19-INLIGTINGSBRIEF

’n Inligtingsbrief rakende al die COVID 19-reelings is by hierdie e-pos aangeheg Bestudeer dit asseblief sorgvuldig ter wille van u kind en u eie veiligheid.

## 10. MICROSOFT TEAMS

- Alle leerders is in hul nuwe TEAMS-groepe gelaai vir 2021!
- Kyk uit vir nuwe, interessante werk vanaf jou personeel op 8 Februarie!
- Graad 8-leerders is welkom om op TEAMS te gaan loer – opleiding volg binnekort!

JV-ouers, die JV-personeel sien uit daarna om u (ONS) kinders weer terug by die skool en in die klasse te hê. Die skool is leeg sonder hulle. Geniet die laaste paar dae met hulle by die huis. Harde werk en fokus klop aan die deur.

JV-groete

HOOF

012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein Posbus 31714, Totiusdal, 0134



www.htsjohnvorster.online